Ps 22 **My God, waarom?**

Sondae vooraf: Ps 1 (Opskrif); 124 (bedevaartslied); 8 Lofpsalm. Vandag: Klaaglied. Die psalms gee ons woorde vir al ons buie en gevoelens! Die meeste psalms kan as klaagpsalms klassifiseer word. (bv 6,7,13,22,38,39,42,51,61,63,86,102,130)

Lees Ps 22:1-23; Job 23:1-7; 16-17

Die Boodskap vs 2,3 (lees) . "*My God, my God, waarom los U my heeltemal alleen? U help my nie. Ek skree totdat ek blou word, maar U is weg. My God, ek roep U heeltyd; ek hou nie op met bid nie, maar van U is daar geen teken nie. U is doodstil.*"

Mag 'n mens maar sulke goed vir God sê?

SY NOOD EN KLAGTE

Dawid moes in 'n **verskriklike groot nood** gewees het. **Luther** het opgemerk dat daar geen groter ramp is as wanneer *God swyg* nie.

Dit gaan om 'n **persoonlike verhouding** wat skeefgeloop het. Let op hy praat nie maar van "God" nie, maar van *"MY God"* – en hy herhaal dit nog 'n keer: *"My God, my God…".* Hulle kom al 'n **lang pad** saam: *Vers 10 en 11 (lees).*

**Wat het nou gebeur?** Hy weet nie! Hy kla nie net oor sy omstandighede nie, maar ook omdat God *niks daaraan doen nie*. Hy voel *in die steek gelaat* – soos party van ons dalk ook al soms gevoel het. Hy voel *verwerp*. Hy voel soos 'n *bladsy* in 'n boek waarby net eenvoudig verby geblaai word.

In **Ps 8** (verlede keer) verwonder dieselfde digter hom daaroor dat God aan die mens *dink* en hom van *soveel waarde* ag. Hy stel die mens aan as sy *verteenwoordiger*; Hy maak hom *koning* van sy skepping!
Dit is egter **alles behalwe** soos wat Dawid dit tans ervaar. Waar in daardie Psalm aangaande die mens staan: *"U het hom net 'n bietjie minder as 'n hemelse wese gemaak"*, voel hy nou eerder om te sê: *"… ek is 'n wurm, nie 'n mens nie"*… Ek is gestroop van my menswaardigheid.
Sy lyding word aan die eenkant veroorsaak deur **God se stilswye** en aan die anderkant deur die **mense se uitgesprokenheid**: Mense dryf die spot met hom omdat hy in sulke omstandighede

nog aan die Here bly vashou. Dit moet vir hulle vreemd wees dat hy hoegenaamd nog bid!

Sy teleurstelling in sy God is nog meer intens as hy dink aan **die ervaring van die voorvaders**. HULLE het na God om hulp geroep en Hy het hulle gehelp. Maar sy ervaring is presies die *teenoorgestelde*: Hy roep, maar God reageer nie.

Die lyding wat hy ervaar, word in **beeldryke taal** uitgedruk:

- Sy vyande is soos **beeste uit Basan**. Daardie beeste was bekend vir hul fisieke grootte.
- Die vyande is soos **verskeurende, brullende leeus** wat met **oop bekke** op hom afstorm.
- Hy voel hy is soos **uitgestorte water** – dis verby met hom, hy is verlore! Sy **bene** het uitmekaar geval, hulle ondersteun hom nie meer nie, hy is soos jellie. Sy **hart** het gesmelt soos was.
- Hy voel so nikswerd soos 'n **potskerf.**
- En die **ergste** van alles is dat die Here niks doen om hom te help nie. *"U laat my lê asof ek dood is…"*
- **Die mense** tree ook op asof hy *al klaar dood* is, want hulle verdeel al sy **besittings** onder hulle: *"Hulle verdeel my klere onder mekaar en trek lootjies oor my mantel."*

Ons is baie maal nie baie simpatiek teenoor klagtes nie. Ons sing nie graag klaagliedere nie. Ons sê jy moenie jouself bejammer nie. Moenie oor negatiewe emosies praat nie – dit maak jou net nog meer negatief. Om egter net altyd lofprysingsliedere te wil sing, is eensydig, dis "fake". Dis nie soos die lewe is nie!

SY ROEP NA GOD

**Wat tog mooi is, is dat die psalmis nie opgee nie**. Hy draai nie sy rug op God nie. Hy besluit nie dit help tog nie om te bid nie. Hy hou aan: *"En U Here - moet tog nie so ver bly nie, Bron van my krag, help my tog gou!"*

Hy hardloop nie met sy nood **weg van** God af na ander mense of ander gode toe nie. Hy vlug NA God toe.

Onthou daar is 'n verskil tussen skreeu OP God en skreeu NA God. Om op God te skreeu, beteken ek verhef my BO God. Die psalmis skreeu NA God. Hy roep na God. Hy worstel met God, maar steeds as 'n gelowige.

**Dr Daniel Louw** skryf dat die gebede van lydende Bybelfigure soms na **godslastering** klink. *"God word aangekla, aangeval,*

*beskuldig, sy regverdigheid word bevraagteken. Jou klag voor God is jou vashou aan God. Dit is juis geloof in die hulp van God wat gelowiges ongeduldig maak met lyding. Protes is nie 'n mosie van wantroue in God nie. Protes is 'n uitdrukking van volhardende geloof en hoopvolle gebed."*
Die **ongelowige** sal sê *"dit help nie om te kla nie",* want hy/sy glo tog nie daar is 'n God wat luister, of wat omgee nie, of wat iets aan die situasie kan verander nie.

KLAG GAAN OOR IN LOF
En dan **ontdek** die psalmis in sy worsteling met God dat Hy toe al die tyd nie so ver was nie! Dat Hy *na genoeg* is om te hoor en te help. Dan beweeg die psalm **van klag na lof**. Uiteindelik sluit hy af met die woorde: *U het my gebed verhoor*!
Eeue nadat hierdie psalm geskryf is, het die **Man van smarte** aan die kruis hierdie psalm aangehaal: *"My God, my God, waarom het U my verlaat?"* So het Jesus in sy laaste oomblikke uitgeroep. **Luther** kon dit nooit verstaan nie – hoedat God van God verlate kon wees nie. Dit bly 'n **misterie**. Maar Hy was daar! Jesus het dit deurgegaan sodat ons wat in Hom glo, nooit weer van God verlate hoef te voel nie.
Word jy gespot, veronreg, mishandel? Jesus WAS nie net daar waar jy nou is nie, Hy IS daar.
Voel jy angstig, moeg, hopeloos en dat jou liggaam besig is om in te gee? Jesus is daar. *"Because God, in Jesus, has engaged in that desolation, he can offer comfort to those of us who walk now where the psalmist walked." (*P C Craige)

SAMEVATTING
Ferdinand Deist skryf dat hierdie psalm saam met andere ons help **om ons hart voor God uit te praat**. Wanneer jy weer met God worstel, worstel as 'n gelowige. Ons mag maar ons eerlike twyfel, ons ernstige vrae, ons gevoel dat God ons verlaat het, verwoord. Kla by Hom, maar moenie op Hom skreeu nie. Moenie van Hom af weghardloop nie, maar vlug *na Hom* toe. Bid, al voel dit asof Hy jou verlaat het. Jy kan maar die onbegryplike van jou lyding soos die psalmis voor Hom verwoord – wetende: God is daar, Hy kan help. Dit is waar dat daar soms **geen antwoorde** is nie. *"Nou kyk ons nog in 'n dowwe spieël en sien 'n raaiselagtige beeld,"* skryf Paulus iewers (1 Kor 13:12). Soms is die uitdaging juis om sonder klinkklare antwoorde te lewe , om soos Luther te aanvaar dat sekere goed in hierdie lewe vir ons 'n misterie sal bly..
Amen 11 Okt 2009